Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2025

# GESKIEDENIS V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en ’n addendum van 14 bladsye.

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – SWART NASIONALISME (1902 tot 1940's)

   VRAAG 2: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – AFRIKANER NASIONALISME (1900 tot 1930's)

   VRAAG 3: APARTHEID SUID-AFRIKA – (1940's tot 1960's)

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – SWART NASIONALISME (1940's tot 1950's)

   VRAAG 5: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – AFRIKANER NASIONALISME (1930's tot 1940's)

   VRAAG 6: APARTHEID SUID-AFRIKA – (1940's tot 1960's)

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Minstens EEN moet ŉ brongebaseerde vraag wees en minstens EEN moet ŉ opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag moet óf ŉ brongebaseerde vraag óf ŉ opsteltipe vraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

**VRAAG 1: HOE HET DIE OPKOMS VAN SWART NASIONALISME BYGEDRA TOT WEERSTAND TEEN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA SE SEGREGASIEBELEIDE VANAF 1910 TOT DIE 1920's?**

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Noem enige TWEE Afrikane-leiers wat verantwoordelik was vir die vorming van 'n nasionale organisasie. (2 x 1) (2)

1.1.2 Verduidelik die implikasies dat die meeste afgevaardigdes sendingonderrig ontvang het, op die opkoms van Afrika-nasionalisme sou hê. (2 x 2) (4)

1.1.3 Waarom, volgens die bron, het die SANNC sy naam in 1924 na die African National Congress verander? (1 x 2) (2)

1.1.4 Definieer die konsep *rasse-ongeregtigheid* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Noem die plek, buite die dorp, waar swart mense moes woon. (1 x 1) (1)

1.2.2 Verduidelik waarom daar 'n toenemende aantal swart bevolkings na die stedelike gebiede getrek het. (2 x 2) (4)

1.2.3 Waarom dink jy het vroue besluit om teen die Paswette te protesteer? (2 x 2) (4)

1.2.4 Lewer kommentaar oor die historiese betekenis wat die weerstand teen die Paswette op die groei van Swart-nasionalisme gehad het. (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Waarom dink jy is hierdie foto geneem? (2 x 2) (4)

1.3.2 Noem TWEE impakte wat passe op die lewens van swart Suid-Afrikaners gehad het. (2 x 1) (2)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

1.4 Vergelyk Bron 1B en Bron 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1C rakende die reaksie van vroue op die Paswette ondersteun. (2 x 2) (4)

1.5 Lees Bron 1D.

1.5.1 Watter geleentheid, volgens die bron, het bierbrouery aan vroue gebied? (2 x 1) (2)

1.5.2 Wat, volgens die bron, was die gevolge van die polisieklopjagte? (3 x 1) (3)

1.5.3 Lewer kommentaar oor die redes waarom vroue militant teen die kantiene/kroeë sou optree. (2 x 2) (4)

1.5.4 Definieer die term *boikot* in die konteks van die implementering van die Drankwet. (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, en skryf ’n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe die opkoms van swart nasionalisme bygedra het tot weerstand teen die Unie van Suid-Afrika se segregasiebeleid vanaf 1910 tot die 1920’s. (6)

**[50]**



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

**VRAAG 2: HOE HET AFRIKANER-NASIONALISME HOMSELF DEUR VERSKEIE ORGANISASIES IN DIE 1930's EN 1940's UITGEDRUK?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Wat, volgens die bron, het Afrikaner-nasionalisme aangewakker? (3 x 1) (3)

2.1.2 Definieer die begrip *Afrikaner-nasionalisme* in die konteks van die opkoms van Afrikaner-nasionalisme. (1 x 2) (2)

2.1.3 Verduidelik waarom die Afrikaner-publisiste 'n moderne weergawe van 'n piepklein Afrikaner-Dawid wat die Britse Goliat verslaan, breedvoerig sou romantiseer met betrekking tot die opkoms van Afrikaner-nasionalisme. (2 x 2) (4)

2.1.4 Wat, volgens die bron, was die drieledige stryd? (2 x 1) (2)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Wie, volgens die bron, het die Genootskap van Ware Afrikaners gestig? (1 x 1) (1)

2.2.2 Waarom dink jy sal die Afrikaners die Afrikaanse taal bevorder? (2 x 2) (4)

2.2.3 Wat, volgens die bron, het die wrok tussen die Afrikaanssprekende mense en die Engelssprekende gemeenskappe vererger? (2 x 1) (2)

2.2.4 Definieer die term *verskroeide-aarde-beleid* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Wat, volgens die bron, was die gevolge van die depressie van die vroeë 1930's? (1 x 2) (2)

2.3.2 Watter beroepe het manlike Afrikaners, volgens die bron beoefen? (2 x 1) (2)

2.3.3 Lewer kommentaar oor wat geïmpliseer word met die stelling dat die verarmde Afrikaners vir die volk gered moes word. (2 x 2) (4)

2.3.4 Verduidelik hoe die implementering van *volkskapitalisme* Afrikaner-nasionalisme versterk het. (2 x 2) (4)



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.4 Gebruik Bron 2C.

2.4.1 Waarom dink jy is hierdie foto geneem? (2 x 2) (4)

2.4.2 Verduidelik hoe die regering die kwessie van die armblankes aangespreek het. (2 x 2) (4)

2.5 Vergelyk Bron 2C en Bron 2D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2C die bewyse in Bron 2D met betrekking tot die rol wat verskillende organisasies gespeel het om die lewens van arm blankes te verbeter, ondersteun. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe die opkoms van Afrikaner-nasionalisme homself deur verskeie Afrikaner-organisasies in die 1930's en 1940's uitgedruk het. (6)

**[50]**



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## VRAAG 3: HOE HET DIE PAN AFRICANIST CONGRESS (PAC) OP DIE APARTHEIDSREGERING SE ONDERDRUKKENDE MAATREËLS GEREAGEER?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die volgende vrae.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Definieer die begrip *Apartheid* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.2 Wie, volgens die bron, was die eerste president van die Pan Africanist Congress? (1 x 2) (2)

3.1.3 Verduidelik wat bedoel word met Robert Sobukwe se leierskap van die PAC, gebaseer op ŉ visie van ŉ 'Afrika vir Afrikane' wat massa-aksie teen diskriminasie bevorder het. (2 x 2) (4)

3.1.4 Gebruik die bron en jou kennis en verduidelik waarom Robert Sobukwe teen die beleid van veelrassigheid was. (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Watter woonboort, volgens die bron, was onaangeraak deur anti-apartheid demonstrasies? (1 x 2) (2)

3.2.2 Haal bewyse uit die bron aan wat toon dat Sobukwe die moontlikheid van geweld wou verminder. (1 x 2) (2)

3.2.3 Gebruik die bron en jou kennis om kommentaar te lewer oor die implikasies van die veldtogslagspreuk: "GEEN BORGTOG! GEEN VERDEDIGING! GEEN BOETE!" (2 x 2) (4)

3.2.4 Verduidelik wat die skietery van mense in die rug wys oor die houding van die polisie teenoor die Sharpeville-betogers. (2 x 2) (4)

3.2.5 Verduidelik hoe bruikbaar hierdie bron vir ŉ historikus sal wees wat die protesoptog op 21 Maart 1960 bestudeer. (2 x 2) (4)

3.3 Verwys na Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik waarom dink jy is hierdie foto geneem. (2 x 2) (4)

3.3.2 Waarom, volgens die foto, het mense gevlug? (1 x 1) (1)

3.4 Raadpleeg Bron 3D.

3.4.1 Wie, volgens die bron, het die polisie geloof vir hul optrede? (1 x 2) (2)

3.4.2 Definieer die term *noodtoestand* in die konteks van die Sharpeville-slagting. (1 x 2) (2)

3.4.3 Hoe, volgens die bron, het die regering na die Sharpeville-slagting gereageer? (3 x 1) (3)

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

3.4.4 Lewer kommentaar oor waarom die regering die ANC en PAC verbied het onder die Wet op Onwettige Organisasies. (2 x 2) (4)

3.5 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, en skryf ŉ paragraaf van omtrent SES reëls (omtrent 60 woorde) en verduidelik hoe die Pan Africanist Congress (PAC) op die apartheidsregering se onderdrukkende maatreëls gereageer het. (6)

**[50]**

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie.

### VRAAG 4: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – SWART NASIONALISME

Bespreek krities hoe die ontneming van swart Suid-Afrikaners se politieke, ekonomiese en sosiale regte in die vroeë 1900's bygedra het tot die opkoms van Swart-nasionalisme in die 1940's tot die 1950's.

Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – AFRIKANER-NASIONALISME

Die begeerte om Afrikaner kulturele identiteit en politieke mag te bewaar, het die opkoms van Afrikaner-nasionalisme in die 1930's tot die 1940's aangewakker.

Stem jy saam met hierdie stelling? Staaf jou antwoord deur na die verskillende vorme van kulturele en politieke bewegings onder die Afrikaners te verwys. **[50]**

### VRAAG 6: APARTHEID SUID-AFRIKA – WEERSTAND IN SUID-AFRIKA

Verduidelik tot watter mate burgerlike ongehoorsaamheid en geweldlose protesoptogte deur bevrydingsbewegings weerstand teen die apartheidsregering in die 1950's versterk het.

Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2025

# GESKIEDENIS V2 ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

**VRAAG 1: HOE HET DIE OPKOMS VAN SWART-NASIONALISME BYGEDRA TOT DIE WEERSTAND TEEN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA SE SEGREGASIEBELEIDE VANAF 1910 TOT DIE 1920's?**

**BRON 1A**

Die bron hieronder handel oor die redes vir die stigting van die *South African Natives National Congress* (SANNC) in 1912.

In reaksie op die stigting van die Unie in 1910 het jong Afrikane-leiers (Pixley ka Isaka Seme, Richard Msimang, George Montsioa, Alfred Mangena) saam met gevestigde leiers van die *South African Native Convention* gewerk om die vorming van ʼn nasionale organisasie te bevorder. Die breër doel was om ʼn organisasie te skep wat verskeie Afrikagroepe sou verenig.

Op 8 Januarie 1912 is die eerste Afrikane-nasionalistiese beweging in Bloemfontein gestig. Die *South African Native National Congress* (SANNC) is hoofsaaklik bygewoon deur tradisionele hoofmanne, onderwysers, skrywers, intellektuele en sakemanne. Die meeste afgevaardigdes het sendingonderrig ontvang. Hulle het sterk geglo in die 19de-eeuse waardes van 'verbetering' en 'vooruitgang' van Afrikane binne ʼn wêreldwye Europese 'beskawing' en kultuur. In 1924 het die SANNC sy naam verander na die African National Congress (ANC) om ʼn sterker Afrikane-identiteit binne die beweging te vestig.

Die aanvaarding van ʼn nuwe naam was ʼn belangrike stap in die strewe na politieke bewussyn en eenheid onder swart Suid-Afrikaners, aangesien die organisasie breër ideologieë en strategieë begin aanvaar het vir massa-mobilisasie teen rasse-ongeregtigheid.

Teenstand teen die Naturellegrondwet van 1913 wat deur die regering ingestel was, was matig. John Dube het sy koerant gebruik om internasionale aandag en steun te werf. Dube was een van ses mense wat na Brittanje gestuur is om te probeer keer dat hierdie wet geïmplementeer word. Op 9 Mei is die eerste groot protesvergadering deur die SANNC georganiseer by die Masonic saal in St. James, Kaapstad. Hierdie protes-aksies was egter onsuksesvol om enige beleidsverandering teweeg te bring.

[Uit https://www.sahistory.org.za/article/history-grade-11-topic-4-contextual-overviewing. Toegang op 12 April 2025 verkry.]



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 1B**

Hierdie uittreksel beskryf hoe vroue in Waaihoek, Bloemfontein, op beperkings en paswette wat op hulle afgedwing is, reageer het.

Aanvanklik was daar geen onderskeid tussen Swart en Bruin mense in Bloemfontein nie, en hulle het in dieselfde gebiede gewoon – anders as in ander dele van die land, soos die Kolonie van Natal en die Kaap. Hierdie demografiese groepe is toe as Swart geklassifiseer. Waaihoek, ŉ nedersetting vir Swart mense net buite die dorp, het ontstaan om die groeiende Swart bevolking te akkommodeer en om mense weg te skuif van die spoorlyn waar baie as plakkers gewoon het. Die stigting van Waaihoek het gelei tot die instelling van formele regulasies wat Swart mense tot daardie area beperk het, weg van die blanke bevolking. Die Oranje-Vrystaat was ook die eerste gebied in Suid-Afrika wat paswette vir vroue ingestel het.

Swart vroue, wat swaar gely het onder die paswette, het besluit om op te tree. Geïnspireer deur die eerste vergadering van die South African Native National Congress (SANNC) in hul dorp in Februarie 1912, is die Bantoe-vroueliga (BVL) onder leiding van Charlotte Maxeke gestig. Die Oranje-Vrystaatse Naturelle- en Bruinvrouevereniging (onder leiding van Catharina Symmons en Katie Louw) en die African People's Organisation (ŉ hoofsaaklik Bruin organisasie in die Wes-Kaap) was ook aktief in die stryd teen rassebeperkings. Hulle het ŉ petisie na dorpe en nedersettings in die Oranje-Vrystaat gestuur. Honderde vroue het na die polisiestasie opgeruk en hul pasboeke in die openbaar opgeskeur en verbrand. Sommige van hulle het plakkate gedra met slagspreuke soos "Pasboeke beteken behoeftige kinders" en "Pasboeke beteken gebroke huise." 80 vroue is in die volgende twee dae gearresteer. Vir baie Waaihoek-vroue was tronkstraf ŉ klein prys om te betaal ter wille van die groter saak: om, soos Sol Plaatje dit stel, "die kettings van onderdrukking deur middel van passiewe verset," te verbreek.

[Uit https://nvdatabase.swarthmore.edu/content/south-african-bantu-women-win-anti-pass-campaign-orange-free-state-1912-1918. Toegang op 20 Mei 2025 verkry.]



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 1C**

Hierdie foto wys swart- en kleurlingvroue wat in 1913 teen paswette in Bloemfontein, Vrystaat, betoog.




[Uit https://ditsong.org.za/en/womens-anti-apartheid-resistance-movements. Toegang op 20 Mei 2025 verkry.]

**VERTALING OP PLAKKAAT:**

Pasboeke beteken behoeftige kinders
Pasboeke beteken gebroke huise


**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## BRON 1D

Hierdie bron beskryf hoe gewone Suid-Afrikaanse vroue teen onregverdige regulasies geprotesteer het en ondersteuning van die SANNC en die ICU ontvang het.

Die regulasies rondom tuisgebroude bier in plattelandse gebiede van Natal en klein dorpe in 1928/29 het tot ŉ nuwe brandpunt van verset onder swart vroue gelei. Bierdrink was ŉ gewilde sosiale praktyk onder Zoeloe mans, terwyl bierbrouery aan vroue ŉ geleentheid gegee het om ŉ klein inkomste te verdien en so hul onafhanklikheid te help behou. Die regering het egter besef dat, deur beheer oor die informele drankhandel te neem, hulle die vroue se strewe na ekonomiese, sosiale en politieke bemagtiging kon onderdruk, en terselfdertyd hul eie bierkroeë kon vestig. Dit sou groter beheer oor Afrikane in reservate en informele nedersettings (*townships*) verseker – en ook ŉ bietjie wins oplewer wat selfs meer beperkings kon finansier.

Met die Drankwet (*Liquor Act)* van 1928 in werking, het polisieklopjagte begin. Die privaatheid van huise is aangetas, huise is verwoes, vloere is opgegrawe, meubels is vernietig, en drank is gekonfiskeer (afgeneem). Buiten die skade aan hul eiendom, het die nuwe regulasies die vroue swaar getref. Die produksie en gebruik van '*utshwala'* (tuisgebroude bier) is beperk tot munisipale kroeë. Vroue het nie net hul inkomste verloor nie, maar moes ook toekyk hoe hul mans hul lone nou in daardie kroeë uitgee – wat die owerhede nóg ryker gemaak het.

Die vroue het besluit om self op te tree. Met die ondersteuning van die Natalse tak van die ICU, en saam met sommige mans, was hulle vasbeslote om teen die regulasies te protesteer, die kroeë te boikot en hulle te sluit. Vroue het op militante wyse na dorpe opgeruk, oorlogsliedere gesing en hul kieries geswaai. Hulle het die kroeë aangeval en manlike klante daar aangerand.

Daar is beweer dat die kerk, en veral die Christelike geloof, ŉ verenigende krag onder die vroue was. Een van die hoof-organiseerders was Ma-Dhlamini, wat bekend daarvoor was dat sy aan die voorpunt van elke betoging was.

[Uit https://sahistory.org.za/article/history-womens-struggle-south-africa1910s. Toegang op 20 Mei 2025 verkry.]



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## VRAAG 2: HOE HET AFRIKANER-NASIONALISME HOMSELF DEUR VERSKEIE ORGANISASIES IN DIE 1930's EN 1940's UITGEDRUK?

### BRON 2A

Die bron hieronder verduidelik die faktore wat tot die opkoms van Afrikaner-nasionalisme gelei het.

Dit was wrok (woede) oor die ongelyke verspreiding van status, rykdom, politieke beheer, asook die vrees vir kulturele absorpsie in 'n Engels-georiënteerde samelewing wat Afrikaner-nasionalisme aangewakker het. Hulle merkwaardige herstel ná hul nederlaag was 'n deurslaggewende feit in die twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis, met verreikende gevolge, nie net vir die samestelling en karakter van die blanke elite nie, maar ook vir dié wat van gewone burgerregte uitgesluit is.

Die verhaal van Afrikanerskap se herlewing uit die as van hul nederlaag in 1902 tot onbetwiste heerskappy oor Suid-Afrika is 'n merkwaardige een, wat deur Afrikaner-propagandiste breedvoerig romantiseer is as 'n moderne weergawe van 'n klein Afrikaner-Dawid wat die Britse Goliat verslaan het.

Die migrasies na die stede, tesame met die Boere se nederlaag teen die Britse magte, was die twee kragte wat Afrikaner-nasionalisme deurslaggewend gevorm het. Met die mineraalrewolusie het industrialisasie die Boere in 'n stedelike proletariaat (werkerklas) verander wat in diens van 'n buitelandse, kapitalistiese klas was. Die feit dat Engelssprekendes finansies, handel en mynbou gemonopoliseer (beheer) het, het Afrikaners oortuig dat hul nasionale vyand en hul klasvyand een en dieselfde was. Afrikaner-nasionalisme het dus 'n drieledige stryd geword: 'n kulturele, ekonomiese en politiese een.

[Uit https://www.sahistory.org.za/archive/book-4-industrialisation-rural-change-and-nationalism-chapter-3-afrikaner-nationalism-1930s. Toegang op 11 April 2025 verkry.]

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 2B**

Die bron hieronder verduidelik die rol wat Afrikaans gespeel het om Afrikaners te verenig.

Die Genootskap van Ware Afrikaners (GWA), 'n organisasie wat die Afrikaanse taal bevorder het, is deur ds. S.J. du Toit op 14 Augustus 1875 gestig. Teen daardie tyd is die taal reeds deur baie mense van verskillende rasse en etniese groepe regoor Suidelike Afrika gepraat. Namate die taal verder ontwikkel het, het wit Afrikaanssprekendes van die Engelssprekende gemeenskap begin afstand doen as gevolg van die wrok (bitterheid) ná hul nederlaag in die Anglo-Boereoorlog van 1899–1902.

Hierdie bittere gevoel is vererger deur die behandeling van Afrikaanse vroue en kinders in oorlogskonsentrasiekampe, die Britse "verskroeide aarde"-beleid, en die armoede wat baie Afrikaners as gevolg daarvan gelei het. Die verlies aan moreel onder Afrikaners het aanleiding gegee tot 'n 'Kultuur'-veldtog om Afrikaans te bevorder, en dit het tot die stigting van die Afrikaner Broederbond gelei. Die Broederbond het op sy beurt ander kulturele instellings tot stand gebring, soos die FAK (Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings). In 1924 het Afrikaans, in teenstelling met Nederlands, amptelike erkenning ontvang, en 'n nuwe Suid-Afrikaanse vlag is drie jaar later ingestel.

Die Nasionale Party het ook 'n belangrike rol in die konsolidering van Afrikanerkultuur gespeel, aangesien dit Afrikaner-nasionalisme en rasseskeiding beklemtoon het. Toe die party die Suid-Afrikaanse verkiesing van 1948 gewen het, is maatreëls ingestel om wit Afrikaanssprekendes voorkeur te gee wat werk en besigheid betref het.

[Uit https://www.sahistory.org.za/article/afrikaner. Toegang op 12 April 2025 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 2C**

Die bron hieronder verduidelik hoe regstellende aksie toegepas is om die ekonomiese toestand van die arm blankes in die 1930's te verbeter en Afrikaners te verenig.

Die depressie van die vroeë 1930's het 'n groot aantal Afrikaners van die platteland na die stede gedwing. Baie van hulle het nie oor die nodige vaardighede beskik om hulself in die nuwe en mededingende stedelike omgewing te laat geld nie en is tot relatief lae betaalde poste beperk. Byvoorbeeld in 1939 het amper 40% van verstedelikte manlike Afrikaners hulself in die volgende beroepe bevind – hande-arbeider, mynwerker, spoorwegwerkers en messelaars. Volgens die 1932-verslag van die Carnegie Kommissie van Ondersoek na Blanke Armoede, kon tussen 200 000 en 300 000 mense as 'baie arm' geklassifiseer word.

Armoede was nie beperk tot die stedelike gebiede nie. Dit was ook besonder erg in die Noord-Kaap met sy nomadiese trekboere, in die Bosveld van Transvaal, in die Karoo en Klein-Karoo met hul sukkelende boere en bywoners, en in die Suid-Kaap waar voormalige onafhanklike houtkappers 'n verlore stryd teen gierige houtmaatskappye gevoer het.

Verarmde Afrikaners moes ter wille van die volk gered word. In die Broederbond, sowel as in ander kringe, is 'n strategie oorweeg wat etniese mobilisasie met die bevordering van 'volkskapitalisme' kombineer het as 'n moontlike oplossing vir die probleem. Daar is gehoop dat die posisie van Afrikaanssprekendes verbeter kon word deur groepsidentifikasie en samewerking. 'n Kompleks netwerk van Afrikaner-organisasies is in die 1930's tot stand gebring en bestaande organisasies is versterk. Dwarsoor die spektrum, van finansiële instellings soos Sanlam en Volkskas, tot jeugbewegings soos die Voortrekkers, het organisasies met 'n Afrikaner-stempel ontstaan. Belangrik in hierdie verband was 'n oorkoepelende liggaam, die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK), wat gesorg het dat alle Afrikaner kultuurvorme 'n duidelike nasionalistiese rigting inslaan. Die wesenlike en kulturele grondslag van Afrikaner-nasionalisme is sistematies hierdeur gelê.


[Uit https://www.history.com/topics/great-depression/works-progress-administration.
Toegang op 15 April 2025 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## BRON 2D

Hierdie foto toon die hulp wat verleen is om die armblanke-kwessie aan te spreek.



[Uit https://johnedwinmason.typepad.com/john_edwin_mason_photogra/2010/10/poor-whites-south-africa-backstory.html. Toegang op 13 April 2025 verkry.]



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**VRAAG 3: HOE HET DIE PAN AFRICANIST CONGRESS (PAC) OP DIE APARTHEIDSREGERING SE ONDERDRUKKENDE MAATREËLS GEREAGEER?**

**BRON 3A**

Hierdie bron verduidelik die ontstaan van die PAC in Orlando, Soweto, op 6 April 1959.

Gedurende die 1950's het die apartheidsregering gedurig nuwe maniere ingestel om die bevrydingstryd te onderdruk. Baie lede van die African National Congress (ANC) het ongeduldig geraak met die onvermoë van vreedsame protes om resultate te lewer.

Die redes vir die skeuring in die ANC was dat die PAC beleid verkondig het wat teenstrydig was met die 'veelrassige' beleid van die ANC (destyds het die ANC uit verskillende rassegroepe bestaan), en dat lede gefrustreerd was met die ANC se beleide soos uitgedruk in die Vryheidsmanifes van 1955. Hulle het Robert Mangaliso Sobukwe as hul eerste president verkies en Potlako Leballo as sekretaris, en besluit om die ANC se Program van Aksie en Versetveldtog (*Defiance Campaign*) te volg. Robert Sobukwe se leierskap van die PAC was gebaseer op ŉ visie van ŉ 'Afrika vir Afrikane'-beweging wat massa-aksie teen diskriminasie bevorder het. Dit is egter onakkuraat (verkeerd) om te sê dat Sobukwe se Afrika-sentriese benadering 'rassig' of direk teenoor die ANC se 'veelrassige' beleid gestaan het. Sobukwe het geglo dat, eerder as om ŉ beleid van 'veelrassigheid' te aanvaar, of om ŉ party te vorm wat uit verskillende groepe bestaan, mense eerder by die PAC op ŉ individuele of 'nie-rassige' grondslag moet aansluit ter ondersteuning van ŉ verenigde Afrikabeweging.

[Uit https://sahistory.org.za/article/origins-formation-sharpeville-and-banning-1959-1960. Toegang op 15 April 2025 verkry.]



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## BRON 3B

Die bron beklemtoon hoe die Pan Africanist Congress (PAC) in Sharpeville in Maart 1960 teen die Paswette geprotesteer het.

Sharpeville, ŉ swart woonbuurt buite Vereeniging, is in die 1950's nie deur anti-apartheids demonstrasies geraak soos omliggende dorpe nie. In 1960 het Robert Sobukwe se Pan Africanist Congress (PAC), ŉ politieke organisasie wat teen die apartheidsregering gekant was, tot ŉ nasionale dag van protes teen die paswette uitgeroep en die dorp se eerste anti-apartheidsbetoging gereël. Om die moontlikheid van geweld te verminder, het hy ŉ brief aan die Sharpeville-polisiekommissaris geskryf waarin hy die beplande protes aangekondig het en beklemtoon het dat die deelnemers nie-gewelddadig sou wees.

Die PAC het sy ondersteuners gevra om op die vasgestelde datum hul pasboeke by die huis te los en by polisiekantore regoor die land te vergader, sodat hulle hulself beskikbaar kon stel om gearresteer te word. Die veldtog se slagspreuk was "GEEN BORG! GEEN VERDEDIGING! GEEN BOETE!" Die PAC het redeneer dat die tronke oorvol sou wees indien duisende mense gearresteer word.

ŉ Geskatte 7,000 Suid-Afrikaners het voor die Sharpeville-polisiekantoor saamgedrom om teen die paswette te protesteer. Byna 300 polisielede het opgedaag om die vreedsame betoging te beëindig. Toe hulle probeer het om die skare te laat opbreek en versprei, is ŉ polisielid omgestamp, en baie in die skare het nader beweeg om te sien wat gebeur het.

Volgens polisiewaarnemers is klippe gegooi en het die polisie het paniekerig en impulsief op die skare losgebrand met gewere. Ander ooggetuies het egter gesê dat daar geen bevel was om te skiet nie, en dat die polisie nie eers waarskuwingskote afgevuur het nie. Soos die betogers probeer vlug het van die gewelddadige toneel, het die polisie steeds op die skare geskiet. Nege-en-sestig Afrikane is dood gemaak en 186 is gewond, met die meeste wat in die rug geskiet is.

[Uit https://sahistory.org.za/article/pan-africanist-congress-pac. Toegang op 15 April 2025 verkry.]



Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 3C**

Hierdie foto is by Sharpeville geneem en wys ŉ skare wat op 21 Maart 1960 van koeëls vlug. Polisie kan in die agtergrond op hul gepantserde motors gesien word, terwyl hulle aanhou om op die vlugtende betogers te skiet.



[Uit https://www.magnumphotos.com/newsroom/politics/ian-berry-sharpeville-massacre. Toegang op 27 Mei 2025 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**BRON 3D**

Die bron handel oor die Suid-Afrikaanse regering se reaksie ná die Sharpeville-slagting.

Dr. Verwoerd het die polisie geloof vir hul optrede. Robert Sobukwe en ander leiers is ná die Sharpeville-slagting gearresteer en aangehou. Teen 25 Maart het die Minister van Justisie die gebruik van pasboeke landwyd opgeskort (gestaak), en Hoofman Albert Luthuli en Professor Z.K. Matthews het alle Suid-Afrikaners gevra om op 28 Maart 1960 ʼn nasionale roudag vir die slagoffers te hou. Die oproep tot ʼn "weg-bly" op 28 Maart was uiters suksesvol en was die eerste nasionale staking in die land se geskiedenis.

Op dieselfde dag het die regering gereageer deur ʼn noodtoestand af te kondig en alle openbare byeenkomste te verbied. Die polisie en weermag het duisende Afrikane gearresteer wat saam met hul leiers in hegtenis geneem is, maar tog het die massa-aksie voortgeduur. Die dodetal het gestyg, maar geen wit polisiemanne is dood nie en net 60 is beseer. Buitelandse konsulate is egter oorval met immigrasie versoeke en vreesbevange wit Suid-Afrikaners het hulself bewapen.

Die Minister van Justisie het om kalmte gevra, en die Minister van Finansies het immigrasie aangemoedig. Die enigste minister wat enige bedenkinge (negatiewe gevoelens) oor die regeringsbeleid uitgespreek het, was Paul Sauer. Sy protes is eenvoudig geïgnoreer.

ʼn Week ná die afkondiging van die noodtoestand is die ANC en die PAC verbied onder die Wet op Onwettige Organisasies van 8 April 1960. Albei organisasies is as ʼn ernstige bedreiging vir die publiek se veiligheid beskou, en die stemming het 128 teenoor 16 ten gunste van hierdie verbod gestaan.

[Uit *https://sahistory.org.za/article/aftermath-sharpeville-massacre-1960.* Toegang op 15 Mei 2025 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

## ERKENNINGS

*https://ditsong.org.za/en/womens-anti-apartheid-resistance-movements/*

*https://johnedwinmason.typepad.com/john_edwin_mason_photogra/2010/10/poor-whites-south-africa-backstory.html*

*https://nvdatabase.swarthmore.edu/content/south-african-bantu-women-win-anti-pass-campaign-orange-free-state-1912-1918*

*https://www.history.com/topics/great-depression/works-progress-administration.*

*https://www.magnumphotos.com/newsroom/politics/ian-berry-sharpeville-massacre/*

*https://sahistory.org.za/article/aftermath-sharpeville-massacre-1960*

*https://sahistory.org.za/article/history-womens-struggle-south-africa1910s*

*https://sahistory.org.za/article/origins-formation-sharpeville-and-banning-1959-1960:*

*https://sahistory.org.za/article/pan-africanist-congress-pac*

*https://www.sahistory.org.za/archive/book-4-industrialisation-rural-change-and-nationalism-chapter-3-afrikaner-nationalism-1930s*

*https://www.sahistory.org.za/article/afrikaner*

*https://www.sahistory.org.za/article/history-grade-11-topic-4-contextual-overviewn*

Kopiereg voorbehou

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2025

# GESKIEDENIS V2
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 23 bladsye.

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme. | 30% (15) |
| VLAK 2 | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting uit bronne verkry.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | 50% (25) |
| VLAK 3 | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | 20% (10) |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerlders verwag om ʼn standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae, om enige punte te verdien.

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik ʼn regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning, bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien ʼn vraag 4 punte tel, word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**Paragraafvraag**
Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ŉ antwoord op ŉ paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ŉ kolpunt (●) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (✓) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf, sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee ŉ kort kommentaar, bv.

__________ • ________________________ • _______________
_______________ • ________________________ • __________
✓✓✓✓ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv.

$\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse, en ŉ slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord deur die handboeke wat by ŉ spesifieke sentrum gebruik is gelei sal word.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir nasien van ŉ spesifieke opstel.

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstelskryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn), bv. by 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte by die assessering van 'n opstel.

| | |
|---|---|
| P | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| E | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| E | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| L | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

2.4.4 Die volgende simbole MOET in die assessering van die opstel gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie I√
- Argument LVA ↕

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 5 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }30–33 |
| A | VLAK 5 | |

**KOMMENTAAR**

- Vraag herkenbaar in antwoord.
- Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument.


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## NASIENMATRIKS VIR OPSTEL – TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7<br>Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het ŉ goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 6<br>Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. ŉ Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om ŉ onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | VLAK 5<br>Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om ŉ duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 4<br>Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot ŉ sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | VLAK 3<br>Toon soms bewys van ŉ gestruktureerde en beplande argument. Poog om ŉ argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | VLAK 2<br>Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om ŉ gevolgtrekking te maak nie. | VLAK 1<br>Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7**<br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3**<br>Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2**<br>Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1**<br>Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

***Riglyne vir die toekenning van ŉ punt in Vlak 1:**

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE OPKOMS VAN SWART NASIONALISME BYGEDRA TOT WEERSTAND TEEN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA SE SEGREGASIEBELEIDE VAN AF 1910 TOT DIE 1920's?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Pixley ka Isaka Seme
- Richard Msimang
- George Montsioa
- Alfred Mangena (enige 2 x 1) (2)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Afrikane is in Europese tale soos Engels onderrig, wat dit vir hulle maklik gemaak het om met die regering en Britte te kommunikeer
- Afrikane is aan Westerse idees, vryheid, vryheid en menseregte bekendgestel
- Sendingonderwys het Afrikane bemagtig om vir hul regte te pleit
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.3. *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Om 'n sterker Afrikane identiteit binne die beweging te vestig 1 x 2) (2)

1.1.4 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 1A – V1]*
- Onbillike behandeling of diskriminasie gebaseer op 'n persoon se ras
- Verwys na wanneer mense regte, geleenthede of billike behandeling ontsê word, bloot as gevolg van hul rasse- of etniese agtergrond
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Waaihoek (1 x 1) (1)

1.2.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Die Wet op Naturellegrond het swart Suid-Afrikaners van hul grond verwyder
- Die reservate was oorvol
- Swart Suid-Afrikaners is verbied om grond in Suid-Afrika te besit
- Om werk in die stede te vind
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Het hul vermoë om te reis beperk
- Hulle kon nie werk en woon waar hulle kies nie
- Dit was 'n finansiële las aangesien werkpermitte maandeliks hernu moes word
- Dit was vernederend en het hulle minderwaardig laat voel aangesien hulle te eniger tyd deur polisiebeamptes voorgekeer kon word
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

1.2.4. *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Verhoogde bewustheid en mobilisering vir toekomstige anti-pasveldtogte
- Vroue het 'n sentrale rol in die stryd om vryheid gespeel
- Dit het tot die vorming van verskillende vroue-organisasies gelei
- Die druk deur vroue het tot die tydelike opskorting van die paswette gelei
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Om vroue te wys wat marsjeer teen diskriminasie wat op hulle afgedwing is.
- Om te wys dat die protes geweldloos was
- Die teenwoordigheid van die polisie dui daarop dat die regering die optog wou stop
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.2. *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Passe beteken behoeftige kinders
- Passe beteken gebroke huise (2 x 1) (2)

1.4. *[Vergelyking van Bronne 1B en Bron 1C – V3]*
- Bron 1B dui aan dat vroue besluit het om teen die paswette te marsjeer en Bron 1C toon die aksie (d.w.s. die optog)
- Bron 1B dui aan dat die vroue besluit het om na die polisiestasie te marsjeer terwyl Bron 1C die teenwoordigheid van polisiemanne toon
- Bron 1B dui aan dat sommige vroue plakkate met slagspreuke gedra het wat hul ontevredenheid toon terwyl Bron 1C die plakkate met die slagspreuke vertoon
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5. 1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- Om 'n klein inkomste te verdien
- Om hul onafhanklikheid te behou (2 x 1) (2)

1.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- Die privaatheid van huise is aangetas
- Huise is vernietig
- Vloere is opgegrawe
- Meubels is vernietig
- Drank is gekonfiskeer (enige 3 x 1) (3)

1.5.3. *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Om hul finansiële onafhanklikheid terug te kry
- Hulle het die steun van die ICU en 'n paar mans gehad
- Hulle wou hê dat die bierbroubeperkings opgehef moet word
- Hul mans het hul geld in hierdie munisipale kantiene gemors
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

1.5.4. *[Definisie van 'n historiese konsep uit Bron 1D – V2]*

- Boikot is 'n vorm van protes waar mense weier om die fasiliteite van die munisipaliteit te gebruik
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.6 *[Interpretasie, begrip en sintese van bewyse uit bronne – V3]*

Kandidate kan sommige van die volgende insluit:

- Die Unie van Suid-Afrika is in 1910 gevorm wat tot weerstand gelei het (Bron 1A)
- In 1912 is die Suid-Afrikaanse Nasionale Naturellekongres gestig (Bron 1A)
- Die SANNC het 'n afvaardiging na Londen gestuur om die Wet op Naturellegrond te herroep (eie kennis)
- Die SANNC het ten doel gehad om swart Suid-Afrikaners teen rasse-ongeregtighede te mobiliseer (Bron 1A)
- Die OFS het Paswette vir vroue geïmplementeer (Bron 1B)
- Verskeie organisasies is gestig om die Paswette te weerstaan (Bron 1B)
- Vroue het steun van ander politieke organisasies ontvang (Bron 1B, C en Bron 1D)
- Die BVL het petisies gestuur en 'n optog teen die Paswette gereël (Bron 1B en Bron 1C)
- Vroue het stappe teen die Drankwet geneem (Bron 1D)
- Vroue se klopjagte op munisipale kantiens is deur die ICU en kerke ondersteun (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord

Kopiereg voorbehou

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die opkoms van swart-nasionalisme tot weerstand teen die Unie van Suid-Afrika se segregasiebeleid van 1910 tot die 1920's bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragaaf skryf nie. | **PUNTE: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ŉ groot mate met die onderwerp verband, bv. **toon begrip oor hoe die opkoms van swart nasionalisme tot weerstand teen die Unie van Suid-Afrika se segregasiebeleid van 1910 tot die 1920's bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ baie basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **PUNTE: 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip oor hoe die opkoms van swart nasionalisme tot weerstand teen die Unie van Suid-Afrika se segregasiebeleid van 1910 tot die 1920's bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE: 5–6** |

(6)
**[50]**


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**VRAAG 2: HOE HET AFRIKANER-NASIONALISME HOMSELF DEUR VERSKEIE ORGANISASIES IN DIE 1930's EN 1940's UITGEDRUK?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Dit was wrok (woede) oor die ongelyke verspreiding van status
- Rykdom
- Politieke beheer
- Die vrees vir kulturele absorpsie in 'n Engels-georiënteerde samelewing (enige 3 x 1) (3)

2.1.2 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 2A – V2]*
- 'n Gevoel van samehorigheid onder die Afrikanervolk
- 'n Gevoel van eenheid onder die Afrikaanssprekende mense wat dieselfde ideologie, kultuur, taal en identiteit deel
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Afrikaners het hul stryd teen die Britse Ryk as 'n heldhaftige stryd gesien
- Afrikaners het hulself as 'n klein groepie mense wat teen 'n baie sterker onderdrukker veg gesien
- Afrikaners het hulself as dapper mense gesien
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.1.4. *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Kulturele stryd
- Ekonomiese stryd
- Politieke stryd (enige 2 x 1) (2)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Ds. S.J. Du Toit (1 x 1) (1)

2.2.2. *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Om 'n Afrikaneridentiteit te smee
- Hulle wou hul onafhanklikheid van die Britte bewys
- Dit sou 'n gevoel van behoort onder Afrikaners bevorder
- Dit sou Afrikaners as 'n nasie verenig
- Dit het die idee bevorder dat die Afrikaners 'n aparte volk (mense) met hul eie taal is
- Afrikaans het in 1924 die amptelike taal geword
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Die behandeling van Afrikanervroue en -kinders in oorlogskonsentrasiekampe
- Britse verskroeide-aarde-beleid
- Gevolglike Afrikaner-armoede (enige 2 x 1) (2)



**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

2.2.4. *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- ʼn Militêre strategie waardeur die leër enigiets vernietig wat vir die vyand nuttig is
- Dit is ʼn taktiek wat gebruik word om die vyand te verlam deur hulpbronne te vernietig
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Dit het ʼn groot aantal Afrikaners van die platteland na die stede gedwing. (1 x 2) (2)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Hande-arbeider
- Mynwerker
- Spoorwegwerkers
- Messelaars (enige 2 x 1) (2)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Dit dui daarop dat arm (verarmde) Afrikaners as ʼn bedreiging vir die sterkte, eenheid en beeld van die Afrikanervolk gesien is.
- Die redding van arm Afrikaners was ʼn politieke en ideologiese plig om die suiwerheid en sterkte van die Afrikanervolk te bewaar.
- Die opheffing van wit Afrikaners, veral die armes, was nodig om hul ideologie, mag en die skeiding tussen rasse te handhaaf.
- Enige ander irrelevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Afrikaner-instellings en banke is oopgemaak
- Lenings is aan sukkelende Afrikaners beskikbaar gestel
- Dit het Afrikaners in staat gestel om besighede oop te maak
- Dit het Afrikaners ekonomies bemagtig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Om die hulp wat aan arm blankes gegee is, te toon
- Om die Afrikaner-nasie te versterk
- Om die Suid-Afrikaanse stelsel van wit oppergesag te bewaar
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Sekere werksgeleenkhede is vir arm blankes geskep/bewaar
- Wette is uitgevaardig om die arm blankes in die arbeidsmark te beskerm
- Lenings is beskibaar gestel vir arm blank boere
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)


**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**

2.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2C en Bron 2D – V3]*

- Bron 2C dui aan dat arm Afrikaners gered moes word en Bron 2D toon die hulp wat aan arm blankes gegee is
- Bron 2C toon dat die Kommissie berig het dat 200 000 tot 300 000 Afrikaners as arm geklassifiseer is en Bron 2D toon hulp wat aan arm blankes gegee is
- Beide bronne toon verligting wat aan arm blankes gegee is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, begrip en sintese van bewyse uit bronne – V3]*
Kandidate kan sommige van die volgende insluit:

- Afrikaner-nasionalisme veroorsaak deur ongelyke verdeling van rykdom (Bron 2A)
- Afrikaner-nasionalisme het ŉ ekonomiese, kulturele en politieke stryd gevoer (Bron 2A)
- Eerw. SJ Du Toit het die Genootskap van Ware Afrikaners gestig (Bron 2B)
- Die bevordering van die Afrikaanse taal het tot die stigting van die Broederbond gelei (Bron 2B)
- Afrikaans het die amptelike taal geword (Bron 2B)
- Die Nasionale Party het ŉ belangrike rol in die beklemtoning van Afrikaner-nasionalisme gespeel (eie kennis)
- Afrikaner-nasionalisme is deur besighede soos Volkskas en Sanlam Bank bevorder (Bron 2C)
- ŉ Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings was ŉ oorkoepelende liggaam gestig (Bron 2C)
- Arm blankes was deur verskeie Afrikaner-organisasies bygestaan (Bron 2C en Bron 2D)
- Versekeringsmaatskappye vir Afrikaanssprekende gemeenskappe is gestig (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die koms van Afrikaner nasionalisme homself deur verskeie Afrikaner-organisasies in die 1930's en 1940's uitgedruk het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **PUNTE: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ŉ groot mate met die onderwerp verband, bv. **toon begrip oor hoe die opkoms van Afrikaner-nasionalisme homself deur verskeie Afrikaner-organisasies in die 1930's en 1940's uitgedruk het.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **PUNTE: 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip oor hoe die opkoms van Afrikaner-nasionalisme homself deur verskeie Afrikaner-organisasies in die 1930's en 1940's uitgedruk het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE: 5–6** |

(6)
**[50]**


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**VRAAG 3: HOE HET DIE PAN AFRICANIST CONGRESS (PAC) OP DIE APARTHEIDSREGERING SE ONDERDRUKKENDE MAATREËLS GEREAGEER?**

3.1 3.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 3A – V1]*
- Apartheid was 'n onderdrukkend vernietigende stelsel wat baie lewens beïnvloed het, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in baie nabygeleë provinsies en lande.
- Apartheid verwys na 'n stelsel om mense te skei deur spesifieke woon- en sakegebiede aan verskillende rassegroepe te gee
- Om mense geografies en ekonomies te segregeer op grond van ras
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Robert Mangaliso Sobuwe (1 x 2) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Sy leierskap was op die filosofie van Pan-Afrikanisme gebaseer
- Hy het geglo dat selfbevryding deur geweldlose massa-aksie bereik kan word
- Hy het ook geglo dat Suid-Afrika deur Afrikane vir Afrikane gelei moet word
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Hy het geglo dat swart Suid-Afrikaners die bevrydingstryd alleen moet veg
- Hy het geglo dat swart Suid-Afrikaners die enigstes was wat deur apartheid onderdruk is
- Hy het geglo dat ander rasse nie deur die apartheidsregering as minderwaardig beskou is nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Sharpeville (1 x 2) (2)

3.2.2. *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Hy 'n brief aan die Sharpeville-polisiekommissaris geskryf waarin hy die beplande protes aangekondig het en beklemtoon het dat die deelnemers nie-gewelddadig sou wees. (1 x 2) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Hulle verkies om tronk toe te gaan eerder as om hulself te verdedig of 'n boete te betaal
- Hulle wou die stelsel ontwrig
- Die stelsel sou met vol gevangenisse oorweldig word
- Hulle wou druk op die regering plaas om op die proteste te reageer
- Om aandag te vestig op die onregverdigheid van die Paswette
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Dit toon die polisie se bereidwilligheid om geweld sonder regverdiging te gebruik
- Dit toon die brutaliteit, rassisme en minagting vir lewe deur die polisie
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.2.5 *[Evalueer die betroubaarheid van die bewyse uit Bron 3B – L3]*
**Hierdie bron is bruikbaar omdat:**
- Dit dui die redes aan waarom die PAC die protes aangepak het
- Dit dui aan wat eintlik op daardie dag gebeur het
- Die inligting in die bron word deur Bron 3C en 3D gestaaf
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Om die polisiebrutaliteit in die 1960's te toon
- Om te toon dat mense vir vryheid en hul regte gesterf het
- Dit toon dat mense deur die polisie doodgemaak is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*
- Vrees om doodgemaak te word
- Polisie het op hulle gevuur (enige 1 x 1) (1)

3.4 3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- Dr Verwoerd (1 x 2) (2)

3.4.2 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 3D – V2]*
- Die noodtoestand was die apartheidsregering se poging om weerstand na die Sharpeville-slagting deur vrees en geweld te onderdruk
- Noodtoestand het massa-aanhoudings, die verbod op die PAC en die opskorting van burgerregte toegelaat
- Enige ander relevante antwoorde (enige 1 x 2) (2)

3.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- Die regering het gereageer deur 'n noodtoestand af te kondig
- Alle openbare vergaderings was verbied
- Die polisie en weermag het duisende Afrikane gearresteer
- Hulle is met hul leiers in hegtenis geneem (enige 3 x 1) (3)

3.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- 'n Desperate poging deur die apartheidsregering om groeiende weerstand stil te maak
- Dit het die stryd geëskaleer, wat tot die aanvaarding van gewapende weerstand gelei het
- Dit het die einde van vreedsame opposisie en die begin van 'n nuwe, meer militante fase in die stryd om vryheid gemerk
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

3.5 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Die Pan Africanist Congress is in 1959 gestig (Bron 3A)
- Robert Sobukwe was die eerste president van die PAC (Bron 3A)
- Sobukwe het in massa-aksie teen diskriminasie geglo (Bron 3A)
- PAC het ŉ protes teen Paswette op 21 Maart 1960 georganiseer (Bron 3B)
- Die slagspreuk was: GEEN BORGTOG! GEEN VERDEDIGING! GEEN BOETE! (Bron 3B)
- PAC het ŉ wegbly-aksie op 28 Maart 1960 georganiseer (Bron 3D)
- Het teen Paswette geprotesteer (Bron 3C)
- PAC het POQO gestig om apartheid te beveg (eie kennis)
- POQO het met gewapende stryd begin (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die Pan Africanist Congress op die apartheidsregering se onderdrukkende maatreëls gereageer het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **PUNTE: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ŉ groot mate met die onderwerp verband, bv. **toon bietjie begrip oor hoe die Pan Africanist Congress op die apartheidsregering se onderdrukkende maatreëls gereageer het.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **PUNTE: 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip oor hoe die Pan Africanist Congress op die apartheidsregering se onderdrukkende maatreëls gereageer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE: 5–6** |

(6)
**[50]**


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA: SWART-NASIONALISME

*[Beplan en konstrueer ŉ oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet krities bespreek hoe die ontneming van Swart Suid-Afrikaners se politieke, ekonomiese en sosiale regte in die vroeë 1940's tot die 1950's tot die opkoms van Swart-nasionalisme bygedra het.

**HOOFASPEKTE**

Inleiding: Kandidate moet ŉ kritiese standpunt inneem oor die stelling van hoe die ontneming van Swart Suid-Afrikaners se politieke, ekonomiese en sosiale regte in die vroeë 1940's tot die 1950's bygedra het tot die opkoms van Swart-nasionalisme. Hulle moet ook aandui hoe hulle hul argument sal ondersteun.

**UITBREIDING**

- Afrikane-nasionalistiese bewegings gevorm om die Afrikaner/Apartheid-geleide regering sedert die tyd van die Unie uit te daag
- Het die direkte konfrontasie met die regering veroordeel
- Dit het begin as ŉ vorm van weerstand teen kolonialisme
- Het geprotesteer teen die uitsluiting van swartes van die reg om te stem
- Die nuwe president van die ANC, dr. Alfred Xuma, het die Atlantiese Handves ontleed, veral die klousules wat op Afrika van toepassing was
- In 1943 het die ANC Xuma se dokument, 'African Claims in South Africa', aangeneem
- Dit het ŉ Handves van Regte ingesluit wat ŉ einde aan rassediskriminasie gevra het, asook dat die stemreg na alle volwassenes, ongeag ras uitgebrei moet word
- Dit het die billike verspreiding van grond, vryheid van handel vir Afrikane, die reg op gelyke en gratis onderwys vir alle Afrikane-kinders, gelyke gesondheidsfasiliteite en die afskaffing van alle diskriminerende arbeidspraktyke geëis
- Swart Suid-Afrikaners was geïnspireer deur die idees van vryheid en demokrasie wat saam met die terugkerende soldate van die oorlog gekom het
- Hierdie idees het begin as gevolg van hul interaksie met soldate van die buiteland
- Die begeerte na vryheid het aanleiding gegee tot ŉ groei in Afrika-nasionalisme
- 20 000 swart Suid-Afrikaanse soldate, gesamentlik georganiseer deur die ANC, KPSA en die Vakbondbeweging, het na die einde van die Tweede Wêreldoorlog aan die oorwinningsvieringmars deelgeneem
- Jeug binne die ANC het ongeduldig geraak met die konserwatisme van die ANC asook die stadige vordering met die verkryging van vryheid en demokrasie
- Jong lede van die ANC het meer militant geword en die ANC-jeugliga gestig
- ANC Jeugliga het ander vorme van protes gebruik om vir demokrasie te veg
- ANC Jeugliga het ŉ oproep vir die program van aksie en versetveldtog gemaak
- Jeugliga het die ANC daarvan beskuldig dat hulle die elite verteenwoordig en nie die massas nie
- ANC-nasionalisme is 'Charterisme' genoem


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

- ANC het van ŉ gematigde organisasie na ŉ massabeweging van nasionale bevryding beweeg
- ANC-vroueliga is in 1943 gestig met Madie Hall-Xuma as die president
- Sommige lede van die ANC was ongelukkig met samewerking met ander nasionale groepe
- Hulle het gevoel dat Lembede se visie van Afrika-nasionalisme laat vaar is
- PAC is in 1959 gestig met Robert Sobukwe as president
- Pan-Afrikanisme het ten doel gehad om swart mense regoor die wêreld te bevry
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met ŉ relevante slot saamvat. **[50]**


Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

## VRAAG 5: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA: AFRIKANER-NASIONALISME

*[Beplan en konstrueer ŉ oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet ŉ standpunt inneem deur aan te dui of hulle saamstem of nie dat die begeerte om Afrikaner se kulturele identiteit en politieke mag te bewaar, die opkoms van Afrikaner-nasionalisme in die 1930's tot die 1940's aangewakker het.

**HOOFASPEKTE**

- Inleiding: Kandidate moet ŉ standpunt inneem en aandui of hulle saamstem of nie dat die begeerte om Afrikaner se kulturele identiteit en politieke mag te bewaar, die opkoms van Afrikaner-nasionalisme in die 1930's tot die 1940's aangewakker het.

**UITBREIDING**

- Afrikaners kan beskryf word as ŉ groep mense wat Afrikaans gepraat het (agtergrond)
- Afrikaners het as ŉ groep ontwikkel na die integrasie van verskeie Europese nasionaliteite aan die Kaap (agtergrond)
- Afrikaner-nasionalisme het ontstaan as die sterk begeerte om met die kultuur en erfenis van die Afrikaner-setlaars in Suid-Afrika te identifiseer
- Hulle het geglo dat hul kultuur en praktyke beter was as dié van ander groepe
- Afrikaners het hulself gesien as ŉ volk wat deur God uitverkies is
- Die idee van ŉ volk het die hoeksteen van Afrikaner nasionalisme geword
- Nasionaliste was vasbeslote om die volk te beskerm teen oorheersing deur ander etniese en taalgroepe
- Afrikaner-identiteit moes ten alle koste bewaar word
- Afrikaners moes as ŉ nasie verenig bly
- Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Christelike Nasionale Onderwys (CNO) was die bewaarders van Afrikaner-erfenis
- Onderwys en godsdiens het Afrikanerdenke gelei en hul taal en kultuur lewendig gehou
- Kinders sou moedertaalonderrig ontvang
- Onderwys het eenheid van die 'Volk' as ŉ ras geskep
- Afrikaner 'Volk' ideologie beoog om Afrikaners op die basis van ras en taal te verenig
- Die rol van die Broederbond en die FAK om die voortbestaan van die Afrikaans taal en kultuur te verseker
- Broederbond bevorder Afrikaner-nasionalisme en voorkom die uitbuiting van Afrikanerwerkers
- Nasionale pers – gepubliseer
- Afrikaner nasionalistiese koerante, 'Die Burger' en 'Die Transvaler'
- Eeufeesviering van die Groot Trek het Afrikaner eenheid en trots in hul kultuur bevorder
- Eerste Afrikaans bou vereniging Saambou

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

- Afrikaner besighede bevorder – Naspers, 'Die Burger', Santam, Sanlam, Volkskas bank
- Reddingsdaadbond (RDB) het verseker dat Afrikanerbesighede deur Afrikaners ondersteun word
- Ekonomiese opheffing is deur die Federale Volksbeleggings (FVB) en RDB bygestaan
- 1932 – Carnegie Kommissie van ondersoek kyk na armblank vraagstuk
- Armblanke probleem was opgelos deur werk by die spoorweg en hawens te skep
- Rol van vroue
- Nasionale Party het na vore getree as 'n dominante politieke mag in die bevordering van Afrikaner-nasionalisme
- NP het die eis vir 'apartheid' as die sentrale slagspreuk in hul veldtog voorgehou
- Blanke oppergesag moes ten alle koste gehandhaaf word
- Nasionaliste het die blankes bang gemaak met die idee van 'n swart gevaar
- Afrikaner-nasionalistiese beleid het 'n beroep op wit boere gedoen wat teen die beweging van Afrikane na stede was
- Die NP het kiesers belowe dat hul werk deur die toepassing van die werkreservewette beskerm sal word
- Afrikaner vakbonde is gevorm om die belange van Afrikanerwerkers te beskerm
- Die Tweede Wêreld Oorlog het 'n groot impak op Afrikaner-nasionalisme gemaak
- Die 1948 verkiesing – aanloop en nasleep
- Afrikaans–sprekende Afrikaners het die NP in die 1948-verkiesing aan bewind gestem
- Die NP-leier, dr Malan, het die nuwe eerste minister geword
- Apartheidswetgewing is ingestel
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

Kopiereg voorbehou 

Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

**VRAAG 6: APARTHEID SUID-AFRIKA – 1940's tot 1960's**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet verduidelik tot watter mate burgerlike ongehoorsaamheid en geweldlose protesoptogte deur die bevrydingsbewegings weerstand teen die apartheidsregering in die 1950's versterk het. Hulle moet ook aandui hoe hulle hul argument sal ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
- Inleiding: Kandidate moet verduidelik tot watter mate burgerlike ongehoorsaamheid en geweldlose protesoptogte deur die bevrydingsbewegings weerstand teen die apartheidsregering in die 1950's versterk het. Kandidate moet hul argument staaf met relevante historiese bewyse om hul argument te ondersteun.

**UITBREIDING**
- ANC se Program van Aksie
- ANC word meer militant toe die ANC Jeugliga gevorm is
- Gebruik boikotte, burgerlike ongehoorsaamheid en opstande as 'n middel van verset
- 1 Mei staking
- Werkers wys hul ontevredenheid
- Versetveldtog
- 1952 – breek wette doelbewus – betree slegs blankes fasiliteite
- Verbrand passe in die openbaar
- Het geweier om boetes te betaal en wou hê dat tronke oorvol word
- Gehoop dat die apartheidstelsel sou verbrokkel
- Sommige is vermoor en gearresteer
- Kongresalliansie
- Konferensie gehou vir alle rassegroepe om 'n grondwet op te stel
- Vryheidsmanifes
- Ontmoet te Kliptown op 25 en 26 Junie 1955
- Stel 'n dokument op wat die aspirasies van alle Suid-Afrikaners verteenwoordig
- Het die bloudruk vir die nuwe grondwet van Suid-Afrika geword
- Vroue-optog na Pretoria (9 Augustus 1956) in protes teen die instelling van paswette vir vroue
- Vroue gedwing om passe te dra
- 20 000 vroue van alle rasse het na die Uniegebou opgeruk
- Leiers van die optog – Lilian Ngoyi, Rahima Moosa, Sophie Williams en Helen Joseph
- Hulle het 'n lied spesifiek vir die geleentheid gekomponeer, naamlik: 'Strijdom, jy het met die vroue gepeuter, jy het 'n rots geslaan.'
- Eerste Minister, J.G. Strijdom, het geweier om die vroue te sien
- Toe hulle vertrek het, het hulle Nkosi Sikeleli Africa gesing
- Hoogverraad
- Uittarting van apartheid het tot die arrestasie van lede van die Kongres Alliansie gelei

Kopiereg voorbehou 
Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.

- Gearresteer as gevolg van ʼn poging om die regering omver te werp
- In 1956 het die staat 156 aktiviste gearresteer
- Verhoor het vir twee jaar in "Drill Hall" plaasgevind
- Die doel van die regering was om mense te intimideer en tot verswakking van weerstand te lei
- Teen 1961 is alle beskuldigdes vrygelaat
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met ʼn relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

**Hierdie dokument is afgelaai vanaf www.ecexams.co.za.**